

Nico van
Gijsen



Raad met jou rande

Ek kyk vandag na kapitaalwinstbelasting (KWB).

'n Leser wil weet oor KWB wanneer hy die dag sterf. Hy en sy vrou, met wie hy binne gemeenskap van goed getroud is, beoog om hul huis waarin hulle nou al baie jare woon, te verkoop en af te tree in hul strandhuis.

Wat is die KWB-implikasies wanneer een of albei van hulle te sterwe kom, spesifiek ten opsigte van die strandhuis?

Sal dit geld as 'n primêre woning vir die doel van die belasting-afrekkings vir KWB?

Kapitaalwinstbelasting, of dan KWB, word gehef op die wins verkry uit 'n kapitaalbate wanneer dit van die hand gesit word. Kapitaalwinst word bereken deur die basiskoste (aankoopprys plus verbeterings) af te trek van die markwaarde.

Wanneer jy sterf, word geag dat jy jou bates "van die hand gesit" het. Dis nie meer joune nie, maar val nou in jou boedel. En as dit 'n kapitaalbate is, soos eiendom of aandele op belegging, dan sal dit KWB trek as daar 'n wins is.

'n natuurlike persoon is daar elke jaar 'n KWB-vrystelling van R40 000 op die wins. In die jaar van jou dood is hierdie vrystelling R300 000. Ná die vrystelling word 40% (die ingeslote koers) van die wins belas as deel van jou normale inkomstebelasting vir daardie jaar.

KWB is nie 'n aparte belasting nie. Dit is inkomstebelasting betaalbaar op kapitaalwinste. Daarom betaal jy teen normale inkomstebelastingkoerse belasting op die gedeelte wat belasbaar is (die 40% van wins ná afrekkings van die vrystelling).

Dit is kortliks hoe KWB werk.

As die bate 'n eiendom is wat deur jou bewoon is as 'n primêre woning (gebruik maar die logiese en letterlike betekenis daarvan; ek gaan nie nou definisies bespreek nie) het jy boonop nog 'n vrystelling van R2 miljoen voordat die 40% in-



Alles oor kapitaalwinstbelasting

Wanneer is jou huis die primêre woning? En hoeveel hoes jy dan?

geslote koers ter sprake kom.

Die R2 miljoen-vrystelling op 'n primêre woning geld net natuurlike persone en spesiale trusts. Dit geld nie gewone trusts, beslote korporasies of maatskappye nie. Sels al het jy die woonhuis al die tyd as jou uitsluitlike primêre woning gebruik, sal jy nie kwalifiseer vir die vrystelling nie.

As jy dus een van die mense is wie se woonhuis in 'n trust is, gaan sê dankie vir die persoon wat jou daar ingeprent het. En werk vorentoe met 'n finansiële beplanner wat weet wat hy of sy doen.

Net een primêre woning, en net vir solank dit was

Om terug te kom by die lesers se vraag. Die vrystelling vir 'n primêre woning werk op 'n per-primêre-woning-grondslag, nie per persoon nie. Jy kan net kwalifiseer vir een primêre woning op 'n slag. Maar elke keer dat jy 'n primêre woning verkoop, sal die vrystelling geld. Daar is nie 'n beperking op die getal kere nie.

As jy, soos die lesers, binne gemeenskap van goed getroud is, is steeds net een keer se R2 miljoen vir daardie huis vrygestel. Hy en sy vrou sal dus elk 'n vrystelling van R1 miljoen kry.

Maar nou, wat van die huis wat vir jare lank 'n strandhuis was en nou, ná aftrede, 'n primêre woning word?

By dood, of verkoop, van die strandhuis, nou primêre woning, sal die KWB-vrystelling ook geld soos hierbo verduidelik. Maar net vir die tyd dat dit as primêre woning gebruik is.

Jy moet dus 'n toedeling doen vir die tyd tussen wat dit 'n strandhuis was en die tyd wat dit as jou primêre woning gebruik is. Die verhouding sal dan bepaal op hoeveel van die R2 miljoen-vrystelling jy geregtig is wanneer jy die huis verkoop, of by dood.

Kom ons sê die huis was vir 15 jaar lank 'n strandhuis en ná aftrede was dit vir tien jaar lank jou primêre woning en dan verkoop jy. Dan is $(10/15 \times R2 \text{ miljoen})$ R1 333 333 die vrystelling waarvoor jy (of julle as julle binne gemeenskap van goed getroud is) sal kwalifiseer.

Plus, natuurlik, in die geval van dood die R300 000 wat ek hierbo noem. Op dit wat oorbly, val 40% in jou inkomstebelasting-berekening vir die jaar. Afhangende van jou persoonlike belastingkoers is die hoogste wat jy kan betaal 18% belasting op die wins. In die geval van huwelike binne gemeenskap van goed geld dit elkeen om die helfte.

Wat van erfgoed?

Maar as jy die huis aan jou vrou bemaak het en jy kom te sterwe, gebeur daar absoluut niks van dit wat ek hierbo noem nie.

Binne of buite gemeenskap van goed getroud, dit maak nie saak nie.

Die basiskoste van die eiendom word oorgedra na 'n langsliewende gade as dit bemaak word. Wanneer die vrou (in ons voorbeeld) die dag sterf, of besluit om te verkoop, sal haar wins bereken word deur die oorspronklike basiskoste af te trek van die markwaarde.

En dan geld die berekenings soos ek hierbo uiteensit.

Met ander erfgename werk dinge ietwat anders. As jy die eiendom byvoorbeeld aan 'n kind bemaak, geld daar nie 'n "oordra" nie. Dan betaal jy die KWB.

Maar die kind erf die eiendom teen die markwaarde op die dag van jou dood en dit is dan sy of haar basiskoste.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: [@Nicovangijsen](https://twitter.com/Nicovangijsen).